PROSPEKTUS: FLEDGLINGS

By Fledglings maak ons voorsiening vir 4 en 5-jariges in 'n vriendelike, stimulerende omgewing, waar hulle aangemoedig word om volgens hulle eie potensiaal, binne 'n bepaalde raamwerk, te ontwikkel en te presteer.

Noodsaaklike lewensvaardighede word ontwikkel deur middel van besprekings en geleenthede om te ontdek en te eksperimenteer. Ons verskaf deurlopende stimulasie vir die ontwikkeling van fyn- en groot motoriek, visuele- en ouditiewe persepsie en om fisiese en ruimtelike oriënteringsbewustheid vas te lê. Ons hou altyd in gedagte dat kreatiwiteit (die daad) belangriker is as die eindproduk. Ons werk van die bekende na die onbekende. Die leerders is elke dag betrokke by:

- 'n tema-bespreking;
- taal en wiskundige konsep ontwikkeling;
- 'n wye reeks kreatiewe aktiwiteite;
- musiek en beweging;
- konstruksie en verbeeldingspel;
- opvoedkundige speletjies en legkaarte;
- stories.

Die rol van spel is van kardinale belang vir kinders se sosiale interaksie sowel as fisiese ontwikkeling, daarom maak ons rooster ook daarvoor voorsiening. Die leerders gaan ook op opvoedkundige uitstappies.

Deur die leerders aan te moedig om alles vir hulleself te doen, ontwikkel hulle 'n positiewe selfbeeld en is dit ons doel om onafhanklikheid, selfvertroue en selfstandigheid aan te moedig. Ons lê klem op sosiale vaardighede wat etiket, vriendskap, bedagsaamheid, empatie, mededeelsaamheid, hulpvaardigheid en regverdigheid insluit. Hierdie basiese vaardighede maak dit vir ons leerders moontlik om hul Graad R jaar ten volle te geniet.

Tydens skoolure, word verskeie opsionele buitemuurse aktiwiteite deur professionele persone aangebied, naamlik: Musiekverryking, "Playball", en "Click-a-Mouse".

Ons loods gedurende die jaar fondsinsamelingsprojekte, 'n skool konsert en ons Kersspel in November.

Fledglings is die wegspringblokke vir die leerders se skoolloopbaan. Ons laat hulle die genot daarvan ervaar om kennis te verwerf en ons bied hulle 'n goeie fondament vir die toekoms.

Ons sien uit daarna om jou en jou kind in ons skool te verwelkom en om dit die begin van 'n gelukkige en produktiewe toekoms te maak.

Skool ure

Die amptelike skoolure is vanaf 08:00 – 12:15. Die hekke sal elke oggend om 07:45 geopen word om werkende ouers te akkommodeer. Let daarop dat die klaskamers tot en met hierdie tyd nie beskikbaar is nie. Die onderwyseresse is gewoonlik vroeër daar om hulle klasse vir die dag voor te berei. Hulle moet dit, sonder om deur opgewonde klein mensies onderbreek te word, of om beserings te versorg, te kan doen. Om die skoolroetine nie te verbreek nie, mag leerders nie later as 08:15 by die skool wees nie. Aangesien die klasse vir die Naskool Sentrum voorberei moet word, word u versoek om leerders stiptelik om 12:15 af te haal.

Fledglings volg dieselfde skoolkalender as die Laerskool Kenridge. Die skole heropen op Woensdag, 19 Januarie 2011. Gedurende die eerste twee weke is die skoolure korter, sodat ons nuwelinge die geleentheid kry om geleidelik by die skoolroetine aan te pas.

1ste week	:	08:00 – 11:00 (19 Januarie – 21 Januarie)
2de week	:	08:00 – 11:30 (24 Januarie – 28 Januarie)
3de week & daaropvolgend	:	08:00 – 12:15 (31 Januarie - Desember)

Naskool Sentrum

Daar is 'n beperkte aantal plekke beskikbaar.
Kontak Petra Gustafson (☎ 021 976 4048) vir enige navrae asseblief.

Geldsake

U moet asseblief 'n nota in die boodskapsboekie maak wanneer u enige geld skool toe stuur. Die onderwyseresse sal ontvangs van gelde erken, deur die boodskapboekie te teken. Indien u 'n tjek stuur, maak dit asseblief **altyd** uit aan Laerskool Kenridge. Vir bak en brou sal u skoolrekening op 1 Maart en 1 Augustus met R50 gedebiteer word.

Parkering

Toegang tot Kenridge Fledglings word verkry vanuit die parkeerterrein wat vanaf Laer Tygervalleiweg uitdraai. Maak asseblief seker dat ons hekke te alle tye agter jou toegemaak word. Geen voertuie word in die skoolgronde toegelaat nie.

Benodigdhede vir die 1ste dag

- 'n Stewige A3 grootte plastiese tas, of 'n 3-afeling Junior portefeulje houer. Geen rugsakke of ander tasse is toelaatbaar nie.
- Die boodskapboek moet asseblief met kleurvolle papier oorgetrek word, die naamplakker moet in die linkerkantste hoek geplak word en daarna moet dit met kleefplastiek oorgetrek word.
- Verskaf asseblief 2 identiese waslappies. U kind se naam en voorletter van die van moet hierop GEBORDUUR wees. 'n Sterk lussie om dit aan op te hang moet aangewerk word. Berei u kind voor dat dié items by die skool gelos moet word.
- R30 vir 'n "flipfile" en die boodskapboek moet asseblief in 'n gemerkte koevert skool toe gestuur word.
- 'n Ekstra stel ou skoon gemerkte klere moet in 'n "zip lock" sakkie skool toe gestuur word, indien daar 'n glipsie gebeur. Onthou om dié klere by die seisoene aan te pas.
- 'n Gesonde teetyd versnappering

Versnapperinge

Ons wil graag gesonde eetgewoontes by ons kleuters vestig. Die teetyd versnappering is nie middagete nie. Iets ligs soos 'n bruin toebroodjie, Marie- of Tennis-beskuitjies, vessel muffin, vars- en droë vrugte, worsies, biltong, kaas en neute is goeie keuses. Alle pakkies se inhoud moet in die kosbak uitgegooi word.

Die volgende is nie toelaatbaar nie:

- Enige vorm van koek of lekkers
- Geen Super C's, Tinkies of koekies met soet vulsels nie.
- Geen joghurt, bruisdrankies of gegeurdewater nie.
- Geen flesse of bottles wat nie 'n stewige dop of prop het nie.

Ander benodighede

- GEEN speelgoed mag skool toe gebring word nie. Stories wat inskakel by ons temas, is altyd welkom, so ook musiek of storie-kasette.
- "Kaalvoet is die beste!" Indien u kind wel skoene skool toe moet dra, moet dit sandale, plakkies of "Wellington"-waterskoene wees. Dit is 'n Fledglings reël dat die leerders dwarsdeur die jaar geen oprygskoene skool toe mag dra nie (kinders van hierdie ouderdomsgroep kan nog nie hul eie skoenveters vasmaak nie).
- Fledglings T-hemde en sweetpakbaadjies is by die skoolwinkel beskikbaar. Hierdie T-hemde moet elke Donderdag en na alle uitstappies gedra word. Die sweetpakke is die uniform vir uitstappies in die winter. Kontak gerus die skoolwinkel (021 976-3046) om meer oor pryse of beskikbaarheid uit te vind.
- "Wellington"-waterskoene (duidelik gemerk) is verpligtend gedurende nat en koue weer.

Ouer Inligtingsaand

Vroeg in die nuwe jaar, sal daar 'n vergadering gehou word. Hierdie vergadering is vir alle ouers en is die enigste formele vergadering van die jaar. Dit is dus noodsaaklik dat ten minste een van die ouers van elke kind die vergadering moet bywoon.

Ons sien daarna uit om julle weer in 2011 te sien. Kontak ons gerus indien julle enige navrae het.